Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Grant Abrahams**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Grant.Abrahams@westerncape.gov.za | 021 467 2574

Lêerno.: 3/3/3/1/1
Verwysing: 20230821-7319

Strategiese Mensbestuursminuut: 0014/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Distriksdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Prinsipale en Skoolbestuurspanne

**Onderwerp: Verbeter die implementering van die Gehaltebeheerstelsel vir die monitering van skoolinfrastruktuur**

1. Die eenheid vir tegniese ondersteuning in die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het verslag gedoen oor die swak toestand van infrastruktuur by sommige skole wat deur die Minister van Basiese Onderwys besoek is.

2. Die skoolgemeenskap is onder meer verantwoordelik vir die instandhouding en onderhoud van skoolinfrastruktuur. Ingevolge die voorskrifte van Kollektiewe Ooreenkoms No. 2 van 2020, gedateer 17 September 2020, is die prinsipaal en die skoolbestuurspan (SBS) spesifiek verantwoordelik vir skoolbestuur.

3. Prinsipale (posvlak 4) en adjunkprinsipale (posvlak 3) word aan die hand van sewe prestasiestandaarde beoordeel. Een van hierdie standaarde verwys as volg na die bestuur van skoolinfrastruktuur:

   Prestasiestandaard 5: Bestuur die skool as 'n organisasie:
   Kriterium 3: Bestuur van infrastruktuur –

   a. Gebruik bestaande hulpbronne en fisiese infrastruktuur optimaal
   b. Monitor die gebruik en veilige bewaring van alle roerende en onroerende bates in die skool
   c. Onderneem gereeld inspeksies van fisiese infrastruktuur
   d. Onderneem behoorlike instandhouding van skoolgeboue, ablusiegeriewe en gronde.

4. Daar word aanbeveel dat die toepaslike beskrywings rakende die bestuur van infrastruktuur, soos wat dit in die skoolkonteks van toepassing is, in die werkplan van die prinsipaal en adjunkprinsipaal ingesluit word. Hierdie werkplan sal in November 2023 opgestel en in Februarie 2024 gefinaliseer word.

5. Kringbestuurders, prinsipale en adjunkprinsipale word daaraan herinner dat hulle verantwoordelik is vir die bestuur van skoolinfrastruktuur.

6. Die brief van die DBO in hierdie verband, gedateer 19 Junie 2023, is as verwysing aangeheg.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle distriksdirekteure, kringbestuurders, prinsipale en SBS'e.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2023-11-06